

Hoërskool Montagu

Uit die kantoor: April 2021

Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Ondersteuners
Graag gee ek die volgende inligting aan u deur:



1. Akademie

Die vorderingsverslag van hierdie kwartaal is gebaseer op die kwartaaltoetse en deurlopende evalueringspunte. Volgende kwartaal skryf alle leerders eksamen. **Die hoeveelheid werk waarom hulle dan getoets word, is baie meer as in die geval van toetse. Dit is dus belangrik dat leerders vroegtydig vir die eksamen voorberei.** In die gevalle waar u merk dat u kind se toetspunte nie na wense is nie, kan u met die betrokke vakonderwyser 'n afspraak maak. Die slaagvereistes is:

<u>Graad 08 -09</u>	<u>Graad 10 – 12</u> (ses vakke slaag)
50%+ in Afrikaans	40%+ in Huistaal
40%+ in Engels	40%+ in <u>twee</u> vakke
40%+ in Wiskunde	30%+ in <u>drie</u> vakke
40%+ in enige drie ander vakke	
30%+ in twee ander vakke	

Die volgende leerders behaal hierdie kwartaal die top 10 van hul graad. Baie geluk met dié mooi prestasies. (in alfabetiese volgorde):

- Graad 12:** Tanika Crafford, Ankia Ellis, Monica Kuit, Cobus Nel, Mechyla Schoeman, Liné Stemmet, Dirk-Louw van der Westhuizen, Zindi van Zyl, Wendy Visser en John Wright.
- Graad 11:** Chris Carstens, Franco de Kock, Blessings Jaji, Janie Marais, Philip Olivier, Sheldon Pokwas, Nienke Strauss, Esma Swanepoel, Neline Swart en JG van Deventer.
- Graad 10:** Ewan Coetzee, Jordan Cowley, Anri Gous, Raynard Mitchell, Willem Nel, Ann-Lumey Pieterse, Carli Prins, Carlene Segelaar, Geriant Segelaar en Nina Stemmet.
- Graad 09:** Liani Beetge, Nina Beukes, Nicholas Brunnings, Stefanie Burger, Petri Fourie, Franco Stemmet, Jana Strydom, Gabriel Telford, Nicole van der Walt en André van Deventer.
- Graad 08:** Tanya Brand, Emma Carstens, Jomar Hanekom, John Hattingh, Richard Knipe, Siyambonga Lirafu, Kezia Malgas, Jaywin Noemdo, Amy-Leigh Shirley en Mikayla Theron.

“ ‘n Mens is nie.
‘n Mens word!’ ”

Deur Dr. Flip Schutte

Jy is nie die produk van iets nie. Jy is 'n proses.

Jy is ook nooit maar net wat jy is nie. Jy is konstant besig om meer of minder te word, as wat jy is. Jy is ook nie so gemaak en so laat staan nie. Jy het 'n keuse van hoe jy wil wees.

Die Franse filosoof René Descartes het gesê: "Ek dink, daarom is ek." Met ander woorde jou denke en jou bestaan het iets met mekaar te doen. Die Spreuke-digter het ook geskryf: "Die mens is wat hy dink!" So, volgens hom bepaal jou denke jou wese! Die skrywer van die brief aan die Filippense sê: "Bedink alles wat lieflik en loflik, reg en rein is." By implikasie sê hy dan dat 'n mens dit word wat jy dink. En so is 'n mens op die ou einde jou denke!

Ek is wat ek myself toelaat om te dink.

Ek word wat ek myself toelaat om te wees!

Noodhulp: Op 9 April het 78 leerders noodhulpopleiding by SOZO ontvang. Al 78 leerders het die eerste sessies bygewoon en 39 senior lede het ook 'n tweede sessie bygewoon. Albei sessies was baie insiggewend en die leerders het dit baie geniet. Die noodhulpspan is nou goed voorberei vir die jaar se sportseisoen.

Gholfdag 2021



Geborgde Gholfdag:

Hoërskool Montagu se Ondersteunersklub het Saterdag 20 Februarie 2021 weereens 'n baie suksesvolle gholfdag gehou. Die hoofborg vir die dag was Swann's Busdiens. Die wenners van die dag was W. Beneke en T. Beneke – baie geluk met die eerste prys.

Die skool wil graag al die borge en donateurs van die dag opreg bedank vir hulle bydrae. Die fondse wat ingesamel is, word gebruik vir opgradering van die skool se sportfasiliteite.

Baie dankie en geluk aan die ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Jacques Carstens, met die puik Gholfdag!

Skoolgelde

Ons wil graag versoek dat die betaling van skoolgelde, waar moontlik, per internet oordragbetaling moet plaasvind. Dit sal baie bankkoste spaar en administrasie vergemaklik. Gebruik u kind se naam en van en graad as verwysing. Ons bankbesonderhede is as volg:

**ABSA Montagu
Hoërskool Montagu
Tjekrekening
1050 5600 97**

Toetse en tuiswerk:

Dit is baie belangrik dat leerders nie net getrou skool bywoon nie, maar dat tuiswerk daagliks volledig gedoen word en dat daar baie goed vir toetse voorberei moet word. Akademiese verpligtinge kom eerste, dan die res van die skoolaktiwiteite.

Rugby en Hokkie Toere: Alle toere is afgestel/uitgestel tot verdere kennisgewing! Die eerste rugbyspan sou soos gebruikelik die vakansie na Oakdale, op Riversdal, toer en die eerste dogtershokkie sou aan Charlie Hofmeyr se hokkiekliniek deelgeneem het. Die 0/15 rugbyspan sou na Caledon toer. Onder huidige omstandighede is dit gekanselleer.

Skooltye / Wintersdrag of Somersdrag

Somersdrag of Wintersdrag (baadjie en das) kan vir 'n tussenin periode vanaf 3 Mei tot 14 Mei gedra word. **Vanaf 17 Mei moet alle leerders Wintersdrag dra.** Ouers word versoek om asseblief vroegtydig met die leweransiers reëlings te tref ten opsigte van wintersdrag. Die **skool heropen Maandag 3 Mei**, soos gebruikelik om **08:00**. Leerders word herinner dat daar **wintersport-oefeninge** sal wees in die eerste week op Dinsdag, Woensdag en Donderdag. Die Skool sal dus op Woensdag 5 Mei ook om 13:10 verdaag met aktiwiteitsperiode daarna. Ons volg reeds Winterstye en die leerders is bewus daarvan. Ons begin volgende kwartaal daagliks om 07:35. Ek wil 'n beroep op ouers doen om ongebruikte skooldrag, veral wintersdrag, aan die klerebank te skenk of beskikbaar te stel, dat ons dit namens u kan verkoop.

SPORTUITSLAE

Interskole Tennis: Interskole Tennis het plaasgevind op 26 Maart 2021. Die 1ste span wedstryde was baie spannend. Die dogters het verloor met 1 stel en die seuns het gelykop gespeel. Die 2de span dogters verloor, maar die seuns behaal 'n goeie oorwinning. Albei die 3de spanne verloor. Baie dankie aan elke tennisspeler vir wedstryde wat gekenmerk is met deursettingsvermoë en baie mooi sportmangees.



1ste Tennisspan 2021

Interskole Krieket: O/19 Krieket Interskole: Ons 1ste seunsspan het op 23 Maart tuis gespeel teen Bredasdorp. Hulle wen die loot en stuur Montagu in om te kolf. Ons teken 184 lopies aan in 20 beurte. Ons beste kolwers was Willem Nel met 84, Mikyle Micheals met 30 lopies en Cobus Nel met 28 lopies. Ons boul Bredasdorp uit vir 143 lopies en wen die wedstryd met 41 lopies! Beste boulers: Cobus Nel met 3 paaltjies vir 20 lopies en John Wright met 3 paaltjies vir 10



Interskole Gholf: Die interskole gholf het op 25 Maart plaasgevind. Ons klop Bredasdorp met 50 punte teenoor 27. Collin Conradie was die beste speler van die dag met 18 punte. Baie geluk manne!



Skoolbywoning

Die skoolbywoning van ons leerders is baie goed. Die gemiddelde bywoning vir die afgelope kwartaal is net onder 98%. Baie dankie vir u samewerking in dié verband. Ons vra dat u **as-seblief sal skakel**, indien u kind nie die betrokke dag skool kan bywoon nie. Op die dag wat u kind terugkeer skool toe, moet hy/sy 'n **briefie** van u of van die dokter **inhandig**. Tydens eksamens sal slegs doktersbriewe aanvaar word.

Sportafrigting:

Indien daar enige ouer is wat bereid is om te help met wintersportafrigting, vra ons dat u die skool dringend kontak. Ons is op soek na persone wat kan help met rugby-, netbal- of hokkieafrigting.

Kommunikasie

Ten einde die skool effektief te laat funksioneer, is goeie kommunikasie deur die regte kanale baie belangrik. Om goeie kommunikasie te verseker, geld die volgende reëlings:

Leerders meld enige navraag of probleem persoonlik en dadelik by die betrokke vakonderwyser, graadhoof of sportafrigter aan. Indien dit nie bevredigend opgelos word nie, meld die leerder dit by my kantoor aan.

Indien dit dan nog steeds nie bevredigend opgelos is nie, word die ouers van die betrokke leerder by die aangeleentheid betrek.

Ek wil 'n beroep op ouers doen om eers by u kind uit te vind of hy/sy bogenoemde reëling gevolg het, voordat u die skool skakel. Die skool kan slegs sinvol optree as ons eerstehands bewus is van u navraag of probleem en kans gekry het om dit te ondersoek. Die fasehoofde vir 2021 is as volg: Graad 08: Mnr. Duan van Brouwershaven, Graad 09: Mnr. Morné Roos, Graad 10: Mev. Lindi Ferreira, Graad 11: Mev. Ellen Joubert en Graad 12: Mev. Janine Beukes.

Bogenoemde persone hanteer nie slegs die navrae of griewe van die leerders nie, maar is ook verantwoordelik vir die hantering van leerderoortredings in die betrokke graad.

CSV Kringleiers en Bestuur: Woensdag, 10 Maart 2021 was die jaarlikse CSV opleiding. 62 Leerders was deel van hierdie belewenis. Na afloop van die opleiding is die volgende leerders tot die bestuur verkies.

Voorsitter: Eben Carstens

Ondervoorsitter: Amy Gertsen

Graad 12 verteenwoordiger: Shaylee Gray

Graad 11 verteenwoordiger: Nicole Baadjies

'n Spesiale woord van dank aan die NG Kerk, Ds Hannes Ries vir die opleiding materiaal, Tannie Elsabé Wright en haar span by die kerkkantoor vir die heerlike wegneemete. Ons waardeer dit opreg.



V.l.n.r boonste ry: Shaylee Gray, Nicole Baadjies

V.l.n.r onderste ry: Eben Carstens, Amy Gertse

Prysuitdeling 2020

Die Monties het vir 2020 se Graad 8 tot 11 leerders 'n Prysuitdeling gehou om hulle harde werk en goeie prestasies in 'n moeilike jaar te beloon.

EREKLEURE 2021



Die Wisseltrofeë is aan die volgende leerders toegeken.

Dirk-Louw van der Westhuizen (Gholf), Cobus Nel (Krieket), Franco Stemmet (Junior Rendenaars), Liné Stemmet (Afrikaans Gr.11), Shinique Verhoog (Dogterskrieket), Nienke Strauss en JG van Deventer (Tweetaligheid Gr.10). Zindi van Zyl behaal die uitsonderlike prestasie deur 4 wisseltrofees te ontvang (Veelsydigheid kultuur, Landsdiens, Senior Rendenaars, Beste prestasie in Kultuur).

Eerste drie klasposisies in elke Graad

- Graad 8:** 3de- Nina Beukes en Stefanie Burger (86,8%) , 2de- Jana Strydom (91,9%), 1ste-Franco Stemmet (93%)
- Graad 9:** 3de Geriant Segelaar (88.3%), 2de Carli Prins (89%), 1ste Carlene Segelaar (90.7%)
- Graad 10:** 3de Nienke Strauss (88%), 2de JG van Deventer (89,4%), 1ste Franco de Kock (95,3%)
- Graad 11:** 3de Liné Stemmet (87%), 2de Ankia Ellis (88,1%), 1ste John Wright (91,9%)



Baie geluk aan al ons prysweners– ons is super trots op julle!

Beheerliggaam 2021-2024

Tydens Maart 2021 het die Beheerliggaamverkiezings plaasgevind. Ons proses is bestuur deur mnr. Jan Kruger van Laerskool Montagu en ek self was verantwoordelik vir Ashbury Primêr se proses. Die aanstellings vir die prosesse is deur die WKOD gemaak. Die samewerking tussen die onderskeie skole was puik en die prosesse het glad verloop.

Ek wil alle kandidate wat bereid was om te staan bedank. Die kandidate wat gestaan het was werklik van hoogstaande gehalte met elkeen wat 'n groot bydrae tot die Beheerliggaam kan lewer.

Graag wens ek die volgende persone geluk met hulle verkiesing tot die Beheerliggaam:

Die Beheerliggaam se ampsdraers en voorsitters is as volg:

Voorsitter: Mnr. Hannes Gous
Ondervoorsitter: Mev. Ashlene Malgas
Tesourier: Mnr. Phillippe Olivier
Sekretaris: Mev. Henriette Coetzee

Komitee Voorsitters:

Finansies: Mnr. Phillippe Olivier
Grond en Geboue: Mnr. Willem Sadie
Dissipline en Beleid: Mnr. Hannes Gous
Ondersteunersklub, Bemaking en Sosiaal: Mev. Leana van Deventer
Koshuis: Mnr. Chris Hanekom
Opvoederlede: Mev. Janine Beukes en mev. Lindi Ferreira
Nie-Opvoederlid: Mev. Liezl Lewis
Leerderlede: Dirk-Louw van der Westhuizen en Zindi van Zyl.

Baie dankie vir u bereidwilligheid om die skool en gemeenskap te dien. Baie sterkte vir die termyn en mag dit 'n wonderlike ervaring vir elkeen wees.

Baie dankie aan elke ouer/voog wat die belange van die skool op die hart dra en die skool en die personeel ondersteun. Ek kan u verseker dit word waardeer.

Ek wil u ook uitnooi om betrokke te wees en u hulp aan te bied. Daar is baie terreine waar ouers/voogde betrokke kan wees en net soos die leerders, is betrokke ouers/voogde, gelukkige ouers/voogde.

Mag u die skoolvakansie, tyd kry om kwaliteit-tyd met u kind te spandeer. Onthou: Tyd gaan vinnig verby!



MONTIE GROETE.

SKOOLHOOF: MNR. TERTIUS PRINS

BELANGRIKE DATUMS : 2DE KWARTAAL 2021

(DATUMS EN TYE IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE)

Mei

- 03 Skool open (begin 08:00)
- 08 Rugby/Hokkie/Netbal teen Robertson (weg)
- 09 Moedersdag
- 10 SBL Vergadering 18:00
- 11 Rugby en Netbal teen Bonnievale (tuis)
- 13 Hemelvaart-Vakansiedag
- 15 Geen Sport
- 17 **Wintersdrag** word gedra
- 22 Rugby/Hokkie/Netbal teen Swellendam (weg)
- 29 Rugby/Hokkie/Netbal teen Oudtshoorn (weg)

Gr. 7 OPEDAG 2021



Junie

- 05 Rugby/Hokkie/Netbal teen Montana (tuis)
- 12 Rugby/Hokkie/Netbal teen Stellenbosch (weg)
- 14 Gr 08-12 Eksamen begin (tye: 08:00-13:00)
- 21 SBL Vergadering 18:00



Julie

- 02 Gr 08-12 Eksamen eindig
- 09 Skool Sluit ; Algemene Kennis

Gr. 7 OPEDAG 2021

